VAKKEUSE VANAF JANUARIE 2017

VERPLIGTE EKSAMENVAKKE

ALGEMENE ONDERWYS EN OPLEIDING LEERAREAS MET VAKKE		VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING	
GRAAD 8 EN 9		**GRAAD 10, 11 EN 12**	
1	Afrikaans/Engels : Huis / Eerste Addisionele Taal	1	Afrikaans Huistaal Afrikaans Eerste Addisionele Taal
2	Wiskunde	2	English Home Language English First Additional Language
3	Natuurwetenskappe		* Vanaf Graad 10 mag ‘n leerder beide tale as Huistaal neem
4	Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis + Aardrykskunde	3	Wiskunde Wiskundige Geletterdheid
5	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Rekeningkunde Bedryfsekonomie	4	Fisiese Wetenskappe Lewenswetenskappe Besigheidstudies
6	Tegnologie		Rekenaartoepassingstegnologie Toerisme
7	Skeppende Kunste + Drama of Musiek	5	Ekonomie
8	Lewensoriëntering		Rekeningkunde Lewenswetenskappe Besigheidstudies Verbruikerstudies Siviele Tegnologie Kuns Musiek
		6	Ingenieursgrafika & Ontwerp Geografie Rekeningkunde Rekenaartoepassingstegnologie Verbruikerstudies Musiek
		7	Lewensoriëntering

VERDUIDELIKINGS:

1. Die vakkeuse van leerders in graad 10, met die oog op die Nasionale Senior Sertifikaateksamen, moet met groot omsigtigheid benader word. Met inagneming van die aanleg, vermoë en vorige prestasie van die leerder, word sekere aanbevelings gemaak rakende die vakke wat geneem kan word. Die finale vakkeuse moet deur die ouers bevestig word.

2. Sekere vakke kan slegs onder sekere voorwaardes geneem word, bv. indien ‘n leerder Fisiese Wetenskap, Rekeningkunde of Ingenieursgrafika en Ontwerp neem, moet hy/sy ook Wiskunde neem en nie Wiskundige Geletterdheid nie. Indien ‘n leerder Siviele Tegnologie wil neem, moet hy/sy Wiskunde, Fisiese Wetenskap en Ingenieursgrafika en Ontwerp neem.

3. Die beskikbaarheid van vakke is ook onderhewig aan die getal leerders wat die vak wil neem. Indien daar te min of te veel leerders is wat ‘n vak wil neem, kan dit die beskikbaarheid van die vak beïnvloed.